



VUURWAPENAMNESTIE 2020/2021
'n Geleentheid om nie te mis nie!

RIGLYNE VIR VUURWAPENAMNESTIE

Die Minister van Polisie het 'n amnestieperiode van ses (6) maande aangekondig wat op 1 Augustus 2020 begin en op 31 Januarie 2021 eindig, te midde van die publikasie van 'n kennisgewing in die Staatskoerant.

Die amnestieperiode skep 'n geleentheid vir lede van die publiek om ongewenste vuurwapens of vuurwapens wat hulle onwettig besit, sowel as ammunisie en/of vuurwapendele aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens te oorhandig sonder vrees dat hulle vir die onwettige besit van hierdie toerusting, vervolg sal word.

Die doel van die amnestieperiode, is om die groot poel van onwettige/ongewenste vuurwapens, ammunisie en/of vuurwapendele wat in die land in omloop is, te verminder.

'n Persoon wat sy/haar vuurwapen tydens die amnestieperiode oorhandig, moet die nodige vorms by die naaste polisiestasie voltooi en onderteken, en hy/sy moet aandring op 'n afskrif van die SAPD 548 (Amnestievorm).

VIR MEER INLIGTING, KONTAK ASSEBLIEF U PLAASLIKE POLISIESTASIE OF DIE
SENTRALE VUURWAPENREGISTER SE OPROEPSENTRUM BY 012 353 6111
RAPPORTEER KORRUPSIE BY 0800 701 701

Ingevolge artikel 139(4) (a) van die Wet op die Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wetnr 60 van 2000), kan 'n persoon wat 'n vuurwapen oorhandig ter voldoening aan 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) gepubliseer is, ingevolge hierdie Wet aansoek doen vir 'n lisensie ten opsigte van daardie vuurwapen.

'n Aansoek soos vervat in artikel 139(4)(a), sal nie op onwettige vuurwapens, waar geen bewys van vorige eienaarskap gelewer kan word nie, van toepassing wees nie.

'n Persoon wat aansoek doen vir 'n vuurwapenlisensie soos hierbo aangedui, moet voldoen aan die bepalings van die Wet wat op die lisensiering van 'n vuurwapen van toepassing is, wat die volgende insluit:

- » Die beperking op die aantal vuurwapens vir die verskillende kategorieë wat 'n persoon wettiglik mag besit
- » Die aansoeker moet oor 'n geldige bevoegdheidsertifikaat beskik vir die vuurwapen se lisensie waarvoor hy/sy aansoek gedoen het.
- » 'n Persoon wat vir 'n vuurwapenlisensie aansoek doen, moet die vuurwapen fisies by die Aangewese Amnestiebeampte inhandig, en 'n aansoek binne 14 dae indien.

Slegs die persoon wat die vuurwapen fisies aan die Aangewese Amnestiebeampte oorhandig, mag persoonlik aansoek doen vir 'n lisensie ten opsigte daardie vuurwapen.

Die aansoek vir die vuurwapenlisensie moet by die relevante Aangewese Amnestiebeampte, wat verantwoordelik is vir die gebied waarin die aansoeker woon, ingehandig word en aan die volgende vereistes voldoen:

- » 'n Gewaarmerkte afskrif van die bevoegdheidsertifikaat van die aansoeker insluit (indien reeds uitgereik).
- » In gevalle waar die aansoeker nie oor 'n bevoegdheidsertifikaat beskik nie, moet hy/sy aansoek doen vir 'n bevoegdheidsertifikaat volgens die bepalings van die Wet op die Beheer van Vuurwapens.
- » 'n Voltooide Vorm SAPS 271, waarin die aansoeker aangedui het dat hy/sy van voornemens is om aansoek te doen vir die spesifieke vuurwapenlisensie, insluit. Die aansoek vir 'n vuurwapenlisensie sal slegs deur die Aangewese Amnestiebeampte aanvaar word, op voorwaarde dat dit aan die bepalings van die Wet op die Beheer van Vuurwapens voldoen.
- » 'n Uitgebreide motivering verskaf om die noodsaaklikheid vir die vuurwapenlisensie te ondersteun, verkieslik in die vorm van 'n eedsverklaring of bevestiging.
- » 'n Gewaarmerkte afskrif van die wettige vuurwapenlisensie, permit of magtiging wat verband hou met die spesifieke vuurwapen, insluit (indien van toepassing).